

Lees: Efesiërs 1:1-14

Teks: Efesiërs 1:12

Tema: *Die roem en prys van ons genade!*

Voor die dag kon vorder op daardie Sondagmore toe Jesus opgestaan het, het daar al 'n hele paar dinge gebeur!

Vroeg die oggend, berig Matt 28:1, het die twee Maria's, Maria Magdalena en die apostelmoeder, en 'n rukkie later Petrus ook, die eerstes geword wat die leë graf gesien het.

Daarteenoor het die wagte alreeds by die priesterhoofde en familiehoofde die opstanding gaan verhaal en heel gou is plan gemaak en die wagte omgekoop om 'n leuen hieroor te vertel (Matt 28)

Die vroue was nog op pad na die stad toe, skaars by die tuin uit, of hulle het die opgestane Jesus ontmoet.

Watter magtige getuienis! Watter magtige oomblikke op daardie eerste heilige Sondagoggend! Opstandingsdag! Feesdag! Dag om te loof en te prys!

Dit was die ommekeer! Hier het Jesus se verhoging begin. In Efes 1 het ons geles dat God se bedoeling was om alles in die hemel en op die aarde onder een hoof te verenig, naamlik Jesus Christus. Hiër het God Sy Seun begin verhoog. Hy gaan nog Sy heerlijkheid vir 40 dae op aarde bekend maak, en dan Sy troon bestyg. Dan gaan Hy sit aan God se regterhand en die regering opneem wat Sy Vader bedoel het.

1. Begenadigdes

In ons teks hoor ons dat ons die Here moet loof en prys, ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het.

As die apostel Paulus homself reken onder een vd eerstes wat hoop op Christus, dan sê hy reeds daarmee dat hy bewus is van iets besonder, iets buitengewoon wat in hom leef. Om die waarheid te sê, sy uitmuntende opsomming en verkondiging van begenadiging in hierdie hoofstuk is uniek. In die Grieks is hierdie hele gedeelte net drie sinne! 'n Mens is sommer uitasem as jy die laaste sin geles het wat vanaf vs 7-14 strek. Maar so lyk dit as die genade oorborrel in jouself en daar geen keer aan is nie.

Die samestelling van hierdie gedeelte herinner ook baie sterk aan 'n sekere soort lofgebed wat ons in die Ou Testament dikwels aantref (Ps 103-106, 111, 117-118, 135-136, 138, 144-145, 148-150). Dit word 'n *berakah*-lofroep genoem. Ons sien dit reeds in vs 3. Daar begin die gedeelte met 'n lofroep: Aan God, die Vader v onse Here Jesus Christus kom al die lof toe! Dan volg

daar in die res vd gedeelte tot waar ons gelees het al die redes waarom daar so aan die Here lof betoon moet word.

Die kern van die begenadiging en terselfdertyd ook die grond van die hoop wat in ons leef is in die eerste plek persoonlik en dan in die tweede plek besonders.

Ons hoop in die eerste plek omdat ons in verhouding staan. Hierdie verhouding is met die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Dit staan ook reeds in vs 3. Die Vader het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.

Met die Vader het ons 'n *hegte* verhouding. Hy het ons Sy kinders gemaak en ons Vader geword.

Met Christus het ons 'n *innige* verhouding. Ons is in Christus en Christus is in ons.

Met die Gees het ons 'n *diep-persoonlike* verhouding. Hy is self die waarborg wat ons in ons dra, hy verseël ons persoonlik as sy eiendom.

Ons is die eerstes wat ons hoop in God gestel het, veral in Christus, ons Middelaar! Ons hoop is dus in 'n *wie* gesetel.

Die grond van ons hoop en begenadiging is in die 2de plek *iets* besonders. Ons hoop is ook in 'n *wat* gesetel.

Ons is God se uitverkorenes. Hiervan ontvang ons sekerheid.

Ons is van ewigheid af bestem om sy kinders te wees.

Ons is verlos van ons sonde, sê vs 7, en al ons oortredinge word vergewe!

Hierdie begenadiging ontketen, maak iets wakker in jou gemoed as jy dit begin beseef en dit maak hoop in jou wakker! Hoop is om te weet wat ek in en van God het!

Ons glo ons is eerstes wat so hoop:

Hierdie eerstes kom van twee kante af:

- Uit 'n Ou Testamentiese belofte
- Uit 'n heidense behoefte. Ons is almal saam hierdie eerstes. Ons saam met die *julle* van vs 13.

Die hele Ou Testament het voorutgetuig van hierdie Verlosser wat nie alleen ons sondes sal vergewe nie, maar sal lewe en heers. In hierdie opsig is die beloftekinders eerstes wat hoop.

Maar die heidene het kernbehoefte. Hulle het nie die belofte geken nie, net die frustrasie van heidense soek en nie vind nie. Maar elkeen wat getref word deur die beseef en gekonfronteer word met die opgestane Christus, is eerste om te hoop!

Eerstes wat hoop sê iets van: Eerste, primêre genade en sorg!

Nuut! In hierdie genadetyd!

Eerstes sê ook: Dit is nie voltooi nie. Daar kom ook laastes. Kort voor die eindtyd sal daar nog laastes ook wees wat die genade leer ken. Daar gaan nog 'n geskiedenis verloop voor hierdie selfde opgestane Jesus weer in glorie sal verskyn en

alles en in almal sal wees.

2 Hoop aan die werk

Die teks onderstreep voorts iets baie besonders en belangrik. Hierdie hoop is vasgemaakte hoop. Dit is hoop wat gekom het om te bly en nie weer sommer soos 'n damp verdwyn nie. Dit is 'n vol werking van God in die mens as Hy ons hoopvol maak. Dit is nie noodwendig voltooid nie, want dit kan nog groei en toeneem.

Hierdie hoop is egter so vas en seker omdat mens die verlossingsfeite aanvaar in die geloof. Mens het reeds hierdie feite onder die knie. Nou kan ons dit begin beleef. Ons hoop omdat ons reeds weet wat ons het. Ons het reeds begin sien hoe dit in ons posvat en groei.

Ons hoop omdat ons die vaste vertrouwe het dat ons weet en ons gaan nog meer weet! Ons sien reeds iets van die heil en ons sal weer en meer sien. Ons hoor reeds sekere genade en beloftes, en ons sal nog meer en weer hoor. Ons is reeds verseker, maar ons sal nog meer verseker word.

Ons hoop het 'n vaste basis. Jesus Christus is die sleutel van God se plan. Hy is ook die sleutel vir en van ons lewe. Sy heerlike opstanding, Sy heerlike evangelie van nuwe lewe, dit is ons hoop!

Hiervan verseker die Heilige Gees ons. Hierdie genade in ons eie hart en wat ons self vashou en glo is seëninge van die Gees (vs 3). Hy beseël, verseël ons as Sy eiendom en Hy is self die waarborg vir hierdie genade.

3 Lof en prys

So vasgeanker as wat ons hoop is met sy vaste onveranderlike basis, so vloei die woorde weer as dit gaan oor die lof en prys wat van ons moet kom volgens ons teksvers. Hierdie lof moet sy loop neem ongeag tyd of omstandighede.

Interessant om te sien is hierdie oproep tot lof nie alleen om lof te bring nie, maar om lof te wees. Letterlik staan daar in die Bybel: *Ons moet die lof van God se heerlijkheid wees*. Nie alleen moet dit oor ons lippe vloei nie, maar ons hele bestaan moet so 'n prys en eer van die Here wees! Wie ons ookal sien of met ons te doen kry moet hierdie karakter van ons raaksien.

Dit is 'n groot verwagting, maar ons hoop is ook groot en elke stukkie genade wat aan ons beloof is, is groot.

Dit is ook ons verantwoordelikheid. Nie 'n moeilike een nie. As jy die besef dra, dan vloei dit! As jy weet hoe groot en heerlik jou verlossing en vryspraak, jou verkiesing en genade is, dan vloei dit soos dit hoort.

Die frekwensie van ons lof is ook belangrik, hoeveel keer ons dit moet doen. Ons hoor die lof in hierdie paar verse 4 keer: vs 3, 6, 12, 14. In vs 3 is dit *hoofsom-lof*.

Dit is dank en lof vooraf vir alles wat ons reeds weet en waarvan getuig word in die Skrif. Maar dan ook net so gereeld vir die individuele items, soos ons verkiesing en kindskap in vs 6, ons redding en vergifnis in vs 12 en ander se genade, die redding en kindskap van die wat nog toegevoeg word tot die Here se kudde in vs 14.

Ons sien hier 'n lyn: Van God se besluit, Sy daad in die geskiedenis deur Sy Seun en deur Sy Gees, regdeur ons hart en tot die hoop in ons tot lof en prys uitborrel.

Die teendeel is ook moontlik, en hierteen waarsku die Bybel ons net so ernstig. Geen lof en prys uit jou mond nie sê dalk geen hoop nie. Geen hoop nie is die getuie van vervreemding van God en Sy genade. Dit gee net onsekerheid oor enige genade en getuie in jou hart. Dit wil mens voorkom! Mens wil nie onseker wees nie, want dit lei tot wanhoop en 'n gevoel van ontmoediging en onbehaaglikheid. Dan word God se groot daad en besluite vir jou vaag, jy begin selfs twyfel of daar besluite oor jou geval het in die mis van die voortyd toe God Sy besluite geneem het.

Hierdie veelvuldige oproepe tot lof is dus belangrik vir ons om aan te gehoorsaam! Dit doen mens, omdat jy hoop het. Jy het hoop omdat die Here opgestaan het! Jy het hoop omdat jy hierdie feite ken en aanvaar en dit voorop in jou gedagtes lewe.

Hierdie lof was aansteeklik in die Nuwe Testamentiese! Bartimeus, die blinde van Jerigo vir wie Jesus gesond gemaak het, het die Here so geloof dat die hele skare daarby ingeval het. (Luk 18)

Na die opstanding het die gelowiges begin om mekaar te groet met die woorde: *Hy het opgestaan!* Nog voor hulle sê goeie more of hoe gaan dit, eers: Die Here het opgestaan!

Dit moet so onder ons ook leef! Lof en prys van die Here! Met ons mond teenoor elkeen wat ons teekom. Saam in die erediens. Oggend en aand. In jou binnekamer.

Ons moet ook lof wees. Enigeen wat jou waar ook al teëkom moet jou as lof van die Here herken! In jou gedrag, jou getrouheid, jou selfbeheersing, jou getuie!

Laat ons eerstes wees met ons hoop, eerste in elke nuwe situasie! Eerstes omdat hoop primêr in ons hart lewe! En laat dit uitmond in die lof wat ons verkondig, die lof vir die Here se vermoëns en wat hy vir jou ingespan het. Dit is die lof waarin ons ons moet oefen om dit eendag voor die hemelse troon te besing.

AMEN

Liedere: Ps 9:1,7
Ps 16:4,5
Skb 1-1:5,6